

Navorsers bring magdom gegewens van Bouvet

(Kaapstadse Verteenwoordiger)

DIE voorhoede van die ekspedisie na Bouvet-eiland het gister aan boord van die hidrografiese opmetingskip van die Suid-Afrikaanse vloot, die S.A.S. Natal, in Simonstad aangekom.

In die kort tydjie wat hulle tot hul beskikking gehad het, het hulle 'n magdom van gegewens ingesamel. Dit moet grotendeels nog verwerk word.

Daar is geen vlieë of enige ander insekte op Bouvet nie, het mnr. F. R. Schoeman en D. B. Müller, van die Vrystaatse Universiteit gesê. Hulle het 'n dag op die eiland deurgebring en monsters van alge, mosse, ligene, plankton, wurms en grond saamgebring. Die grondmonsters sal ontleed word om te sien of daar enige tekens van stuifmeel is. Hulle het ook ysmonsters, wat op verskillende dieptes geneem is, saamgebring om te soek na gefossileerde stuifmeel.

Duikers het geen tekens van vis of kreef gekry nie. Die ekspedisie het net twee visse gevang.

Mnr. G. Daubitzer en G. J. Greeff, van Stellenbosch, wat die spektograaf gehanteer het, het in die uur wat hulle op die strand deurgebring het, 'n groot verskeidenheid lawa en basaltklippe versamel.

Mnr. A. W. V. Poole, van die Universiteit Rhodes het navorsing oor die ionosfeer gedoen. Die resultate is op films vasgelê.

Mnr. I. Gerrard, van die Universiteit van Kaapstad het geomagnetiese opnames onderweg na Bouvet gedoen. Hy het die totale krag van die aarde se magnetiese veld gemeet. Hy meen

dat sy resultate interessant is maar die uitslag moet nog bereken word.